SAKE 24 (Beeld)
08 Mar 2011, p.5

Nestlé hoop dié fabrieke sal Afrika bevoordeel

Bestee R505 miljoen vir hoër produksie

James-Brent Styan,
Johannesburg

Die wêreld se grootste kosmaatskappy, Nestlé, hoop om Suid-Afrika te gebruik as 'n basis vir uitbreiding in Afrika.

Die Switserse beheerde groep wat produkte soos KitKat en Milo vervaardig, sê Afrika en ander ontwikkelende lande het geweldige potensiaal.

Sowat 30% van Nestlé se besigheid is in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika, Brasilië en Ghana en die groep mik om dit te verhoog tot 40%.

Nestlé se onlangse belegging van R505 miljoen om produksie-vermoë in Suid-Afrika te vergroot, is deel van dié groter streeksplanne.

Nestlé het drie weke gelede begin om 'n nuwe fabriek in Babelegi, sowat 60 km noord van Pretoria naby die Carousel-casino, op te rig. Dié fabriek van nagenoeg 1 600 m² sal ontbytgraan produseer. Nestlé het ook 'n soja-verwerkingsaanleg in Potchefstroom gekoop teen R106 miljoen.

Mnr. Ravi Pillay, woordvoerder van Nestlé Suid-Afrika, sê dié twee beleggings sal saam werk skep vir tot 350 mense.

"Die sooi is reeds gespit vir die nuwe fabriek wat teen middel 2012 voltooi behoort te wees."

Die groep bedryf reeds sedert 1979 'n fabriek in die Babelegi-gebied wat onder meer Cremora vervaardig. Pillay sê Nestlé gaan ook R155 miljoen aan uitbreidings by dié bestaande fabriek bestee. "Die plan is om produksiegeriewe vir Maggi-pastaprodukte te bou. Dié uitbreiding sal 'n verdere 160 werkgeleenthede in die fabriek skep."

Mnr. Sullivan O'Carroll, Nestlé Suid-Afrika se besturende hoof, sê Nestlé sal Milo- en Cheerio-ontbytgraan in die nuwe aanleg vervaardig. Dit is tot nou van Frankryk, Chili en die Filippyne ingevoer.

"Nestlé se sukses om markaandeel in Suid-Afrika te verower in die ontbygraanmark het bygedra tot die besluit om die nuwe fabrieke hier te bou. Ons produkte besit tans sowat 10% van die plaaslike ontbytgraanmark sedert ons twee jaar gelede na dié mark gekom het." O'Carrol sê Nestlé het groot vertroue in die Babelegi-gebied se arbeidsmag. "Ons hoop ons belegging sal ook verdere beleggings van ander maatskappye hierheen lok."

Die maatskappy sê verder tot 70 werknemers sal vaardigheidsopleiding in die buiteland kry.

"Dit sal die vervaardigingsvermoë van Nestlé se nie-suiwel-geriewe in Suid-Afrika vergroot. Die soja-aanleg sal produkte met soja as basis ontwikkel wat wanvoeding in Suider-Afrika die hoof sal kan bied," sê O'Carroll.

Afrika het tans sowat 950 miljoen inwoners en dit sal na verwagting teen 2050 verdubbel.

Dié hoë groeikoers, tesame met stygende per capita-inkomste, maak van Afrika toenemend 'n aanloklike teiken vir Westerse maatskappye.